



'Ek kry die indruk dit is dieselfde mense wat bevoordeel sal word wat na bewering ál die voordeel van die liggingsdifferensiaal van die koringbedryf trek.'

**MNR. GERHARD SCHOLTEMEIJER, voorsitter van die Proteiennavorsingsstigting, oor die moontlikheid dat 'n liggingsdifferensiaal vir soja ingestel kan word.**



**BO:** Die noordelike streek van Landboukrywers SA se provinsiale kandidate vir die nasionale Boer van die Jaar-prys is pas aangewys. Van links is dr. Jameson Nesane (Limpopo se kandidaat) mnr. Gert Heyns, bemarkingshoof van Monsanto (borg), mnr. William Khourie en sy drie seuns, Joe, Anthony en Pieter, (Noordwes-kandidaat), mnr. Fanus en me. Tina Cornelius (Mpumalanga) en mnr. Vito Rugani (Gauteng).

**REGS:** Me. Esther Prehn is die noordelike streek se kandidaat vir Nuwe Toetreder tot die Kommersiële Landbou.

FOTO'S: VERSKAF



Die noordelike streek van Landboukrywers SA se provinsiale kandidate vir die Landboukundige van die Jaar-eerbewys is ook aangewys. Van links is mnr. Brienne van der Walt, uitvoerende hoof van Absa AgriBesigheid (borg), dr. André Joooste, Gauteng-kandidaat, me. Karen Hannweg, Mpumalanga, en dr. Neil Miles, KwaZulu-Natal.

## LANDBOUSYFERS

### 300

Meer as 300 olifante en ander diere is glo in Hwange, Zimbabwe se grootste wildreservaat, deur stropers vergiftig wat agter die voor aan was. Die olifante is met sianied vergiftig. Die dooie olifante is opgemerk deur jagters wat oor die wildreservaat gevlieg het. Ander diere wat ook vergiftig is, sluit in leeus, wildhonde en aasvoëls.

### R65 miljard

Dit is die jaarlikse omset in diereprodukte in die land. Die-reproduksie dra sowat 49% by tot die landbou se totale produksie en voorsien in 85% van die land se behoefte aan vleis. Sowat 8,5 miljoen mense is van die landbou afhanklik vir werk en 'n inkomste. Volgens die DA bedreig die verbod op vleisuitvoer derduisende werkgeleenthede.

### 54,2m. ha

Dit is hoeveel sojabone vanjaar in Suid-Amerika geplant gaan word. Dit is 2 miljoen ha meer as die vorige seisoen. Argentinië produseer reeds sowat 50 miljoen ton sojabone per jaar. Dié land is die wêreld se voorste uitvoerder van soja-oliekoek (43%), die voorste uitvoerder van soja-olie (ook 43%) en die voorste uitvoerder van bio-diesel (60%).

### 65%

Soveel van die African Farmers' Association of South Africa (Afasa) se lede boer op kommunale grond. Volgens Afasa se jongste jaarverslag wat op dié organisasie se tweede jaarvergadering bekend gestel is, best 'n verdere 21% van sy lede hul eie plase, terwyl 14% die grond huur waarop hulle boer. Die boere wat grond huur, huur dit meestal van die staat.